# Hoofstuk van die dag: Josua 8

> *Daarna het Josua alles wat die wet sê, die seën sowel as die straf, voorgelees, net soos dit geskryf staan in die wetboek. (vers 34)*

Die oorwinning oor Ai eindig met nóg 'n kliphoop (vers29) wat daarvan getuig dat die Here die oorwinning gee aan hulle wat Hom gehoorsaam en volg.

Kort daarná het nog klippe gevolg. Josua bou op die berg Ebal 'n altaar vir die Here met ongekapte klippe, soos Moses beveel het (vgl. Deut. 11:29-32 en 27:1-26). Daar herbevestig die hele volk hulle verbintenis aan die Here deur die bepalings van die verbond tussen God en Israel opnuut te aanvaar. Dit sluit seëninge in as hulle getrou bly aan God se verbond en aan Hom gehoorsaam is, maar ook vloek as hulle die verbond verontagsaam.

Die Franse filosoof Voltaire het by geleentheid gesê: "God sal vergewe, dis sy werk." Wat 'n grap het hy nie van die sonde en God se oordeel gemaak nie! Nee, dit werk nie so nie. God se vloek rus inderdaad op die ontroues. Net – dié vloek het uiteindelik Christus getref op Golgota, waar Hy in ons plek God se toorn ontgeld het.

## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026